Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 5 Des. 1945 No. 4.

## Dag van Verootmoediging

Ons herinner ons lesers weer eens aan die oproep van die Raad van die Kerke om „met die oog op die beproewende wêreldtoestand, wat 'n bedreiging is ook vir die Christendom en die volksbestaan in Suid-Afrika", 16 Desember vanjaar as 'n dag van verootmoediging te vier.


In aansluiting by hierdie oproep het genle. mev. J. S. du Toit 'n beroep op alle O.B.-lede gedoen om die week voorafgaande Dingaansdag, d.w.s. van Maandag 10 tot Maandag 17 Desember, hulle te onthou van deelname aan vermaaklikhede.

„Ons dank aan die Kerk is groot dat hy die leiding in hierdie opsig gegee het, het genle. Du Toit gesê, want ons volk sal moet terug na waaragtige vertroue op God, soos dit so pragtig uitgedruk word in Psalm 146 vers 3:

„Salig hy wat in die lewe,
Sonder hulp en sonder raad,
As hom alles wil begewe,
Vlug tot God, sy Toeverlaat;
Wie ook in die swartste nag
Op die Here alleen bly wag."

(Kyk ons hoofartikel.)

## PRO ECCLESIA SE NUWE GEBOU



Die groot nuwe gebou van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, soos dit na voltooiing sal lyk. Die fabrieksdeel wat die masjinerie huisves, beslaan 'n vloerruimte van 12,600 vk. voet en die papierafdeling 3,780 vk. voet. Die voorste gedeelte met 'n frontwydte van 140 vt., bestaan gedeeltelik uit twee- en drieverdiepings en sal op die grondverdieping o.a. die hele administrasie huisves en op die tweede verdieping die redaksie, vir watter afdelings ruim voorsiening gemaak is sowel as vir ruskamers en geriewe vir alle werknemers. Met die bouwerk word fluks gevorder.

## „Duitsers Wag op Nuwe Leier" Sê Amerikaners

**Amerika mag verplig word om geheelenal pad te gee uit Duitsland; Duitsland moet as 'n ekonomiese eenheid bestuur word; Die Franse dwarsboom Geallieerde beleid in Duitsland.**

Dit is die vernaamste punte vervat in die verslag van Byron Price, wat in opdrag van pres. Truman toestande in Duitsland gaan ondersoek het.

**„Ons moet besluit of ons hongersnood en saamhangende epidemies en onluste in die Amerikaanse besettingsgebied gaan toelaat, en of ons voedsel gaan ontskeep om dit te verhoed," het hy gesê:**

As gevolg van die Franse houding word Duitsland nie as 'n ekonomiese eenheid bestuur nie. **Vandaar die noodsaaklikheid van die hersiening van die hele grondslag van die militêre regering in Duitsland.**

Om die Franse obstruksie te breek is „die volle gebruik van die volle krag en prestige van die Amerikaanse diplomatieke mag ten volle geregverdig," het hy verklaar.

**Volgens Price het die Duitse volk sy oor op die grond om te luister na die stem van 'n „nuwe leier wat wanhoop mag uitstoot."**

„Die verslag verdien deeglike oorweging," het president Truman verklaar.

## Petrolskaarste In Unie Op Versoek van Britse Regering

**Ondanks die regering se pogings om die teendeel te verkondig, blyk dit duidelik dat die huidige tekort aan petrol toegeskryf moet word aan 'n versoek uit Engeland om nie petrol van Amerika te koop nie. Sowel uitlatings van verantwoordelike persone van die Statebond as die feite onderskryf hierdie stelling.**

Verlede week het die Rhodesiese minister van voorrade verklaar dat die Rhodesiese regering gehoop het om meer petrol van 1 Desember af beskikbaar te stel, **maar dat hy 'n reguit versoek van die Britse regering ontvang het dat die kolonie nie op die oomblik die verbruik van petrol moet vermeerder nie, aangesien dit 'n groter uitgawe van dollars sal teweegbring.**

„Ek kan nie die besluit van die Unie-regering oor die vermeerdering van die petrolrantsoen (vir Desember) verstaan nie", het hy gsê.

Hy het daaraan toegevoeg dat die klein hoeveelheid petrol wat nodig is om die rantsoene te vermeerder, nie Brittanje se dollarposisie ernstig sal benadeel nie, **maar daar is 'n beginsel op die spel.**

**Dit kom dus daarop neer dat die motoris in die Unie sonder petrol moet sit ten einde die Britse ekonomiese oorlog teen Amerika te help voer.**

### BRITSE SKEPE

Die praktyk bewys ook dat die uitlatings van die Rhodesiese minister korrek is. **Amerika sit vandag met twee-derdes van die wêreld se handelsvloot met insluiting van tenkskepe. In die Cape Argus van 28 November word die name genoem van vier tenkskepe wat in die loop van die volgende twee maande vir Unie-hawens bestem is. Al vier is Britse skepe en daar word verklaar dat nie meer skepe verwag kan word in hierdie tydperk nie.**

Waar is die Amerikaanse tenkvloot dan, tensy die Unie-regering met 'n doelbewuste boikot teen Amerikaanse skeepsvaart besig is?

## Oossee-Burgers Uitgelewer Aan Rusland

Groot verontwaardiging oor die uitlewering van 157 offisiere en manskappe van die Oosseestate deur Swede aan Rusland het gevolg op 'n besluit van die Sweedse regering. Hierdie offisiere en manskappe het teen Rusland geveg en het uiteindelik na Swede gevlug om veiligheid. Hulle verklaar dat die dood of erger hulle wag as hulle terugkeer, en het daarom besluit om selfmoord te pleeg indien hulle uitgelewer word. 'n Beroep van die Sweedse regering op Rusland in verband met die manne was tevergeefs. Die antwoord was dat Rusland sal aandring op die uitlewering van alle Duitse geïnterneerdes in Swede. Intussen het die manne op 'n hongerstaking gegaan.

### WAAR IS STALIN ?

**Uit Moskou word berig dat „'n hoogs betroubare bron" verklaar dat Stalin nog steeds aan die kuier is. Hy neem „'n goeie, lang rus" en sal glo eers aanstaande jaar na Moskou terugkeer.**

## Onreëlmatigheid In Wraakverhoor

Rudolf Hess, oor wie se geestelike toestand daar die afgelope maande heelwat geredekawel is, het verlede Vrydag 'n sensasie in die Nurnbergse wraakverhoor veroorsaak deurdat hy opgestaan en gesê het dat hy heeltemal normaal is en in staat is om homself te verdedig, hoewel hy die hof se regsbevoegdheid bly betwis. Hy het gesê dat hy sommer gemaak het asof hy sy geheue verloor het.

**In die loop van die week is die wanprosedure van die verhoor deur die verdediging aan die kaak gestel toe daarop gewys is dat twyfelagtige dokumente aan die pers verskaf word as bewysstukke sonder dat die verdediging afskrifte daarvan ontvang of dat dit selfs in die hof voorgelees word. Een so'n dokument waarin beweer word dat Hitler Chamberlain in die maag wou skop, is nie onderteken nie, het geen datum of aanwysing van plek nie. Nogtans is dit deur die pers wêreldkundig gemaak as bewysstuk sonder die wete van die verdediging.**

As gevolg van hierdie beswaar het die aanklaer die gewraakte dokument teruggetrek, en die regter het gereël dat afskrifte van bewysstukke voortaan ook aan die advokate vir die verdediging gegee moet word.

## Rebellie In Iran Vertroebel Verhoudings Tussen Grotes

**Dit skyn asof die snelle verwikkelings in die Midde-Ooste die verhoudings tussen die Grootmoondhede in klimmende mate vertroebel, volgens Sapa-Reuter-berigte.**

Die Britte ontken ten sterkste dat meer Britse troepe in Iran aangekom het. Die Russe ontken dat hulle enige steun aan die Noord-Iraniese opstandsbeweging verleen het, hoewel hulle met die opstandelinge saamvoel.

Die Verenigde State van Amerika het nog geen antwoord op sy voorstel ontvang dat alle vreemde troepe teen 1 Januarie uit Iran teruggetrek moet wees nie.

Die Iraniese regering het 'n verklaring uitgereik, insake die weiering van die Russiese regering om Iraniese troepebewegings in Noord-Iran toe te laat, waarin dit o.a. lui:

**„As die Iraniese regering nie in staat is om die opstand in die Noorde te onderdruk nie, sal ons genoodsaak word om daaruit af te lei dat dit die beplande beleid van die Russe is."**

Die Russiese regering verontskuldig sy optrede deur voor te hou dat gevegte en bloedvergieting in die Noordelike provinsie sal ontstaan as meer Iraniese troepe daarheen gestuur word.

GEBRUIK

**P. HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.**

se Suid-Afrikaanse

**BOEGOE-SALF**

en Verban alle Verkoues, Hoes, Hoofpyn, Aambeie, Winterhande, ens.

Dring by u handelaar of apteker daarom aan.

Handelsnavrae:

**INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.**

Posbus 3180 — KAAPSTAD

# Sou £150 Gevra Het van Soldaat vir Voorreg

## Saak Teen Israel oor Verhuur Van Huis

**Op aanklag dat hy £150 van 'n teruggekeerde soldaat gevra het vir die voorreg om 'n woonstel te huur, is 'n apteker, Philip Israel, en 'n handelaar, Morris Taurog, verlede week in Kaapstad na die strafhof verwys na voorlopige verhoor.**

Volgens getuienis het lt. N. E. Watkins 'n woonstel van Israel, die eienaar deur bemiddeling van Morris te hure gekry. **Israel het egter aan Watkins gesê dat hy £150 sal moet betaal vir die voorreg om die woonstel te huur.** Watkins het die saak daarop by die polisie aanhangig gemaak wat hom £100 gegee het om aan Israel te oorhandig. 'n Skuldbewys is geteken vir die orige £50 as synde vir „goedere ontvang". Die speurders het daarop binnegegaan en die geld en skuldbewys by Israel gekry. Die geld se nommers was aangeteken. Israel het ontken dat hy die geld in ontvangs geneem het, en aangevoer dat dit iemand anders toekom.

**Dit is die eerste saak van hierdie aard nadat kort gelede in die pers deur teruggekeerde soldate gekla is dat eienaars van huise en woonstelle groot bedrae eis vir die guns om 'n onderdak te verhuur. Een soldaat het verklaar dat hy £50 betaal het vir die reg om die sleutel te ontvang wat die woonstel sou oopsluit, en dat hy dit geredelik gedoen het uit vrees dat hy sy woonstel kon verloor.**

## V.S.A. Maak Nog Atoombomme

Uit Washington word berig dat die Verenigde State van Amerika sal voortgaan met die vervaardiging van Atoombomme tot tyd en wyl een of ander beslissing insake internasionale beheer bereik word. Hierdie verklaring is vervat in die getuienis van die Direkteur van die Atoombom - onderneming aan die Senaatskomitee insake Atoomkrag. Hy het ook gesê dat dit £125,000,000 per jaar kos om die fabrieke in stand te hou.

## *Atoommotor Gesaboteer*

Uitvinder dr. J. M. Wilson se atoom-motor kon nie verlede week, volgens reëlings, op die proef gestel word nie omdat dit gesaboteer is deur mense wat bevrees is vir die uitwerking wat dit op die nywerheid sal hê, na uit Londen berig word.

Die motor kan teen 'n koste van 8d. per duisend myl ry, beweer die uitvinder.

Dr. Wilson, wat onderneem het om binne 'n maand drie atoom-motors te vervaardig, het hom onder beskerming van Shinwell, Britse Minister van Brandstof, geplaas en het geweier om sy adres bekend te maak.

# *Sutherland Vier O.B.-Dag*

## *Vraag oor Sinode-Besluit*

Sutherland het op 24 November hul O.B.-dagviering in die Kerksaal gehou onder leiding van hfkomdt G. H. J. Vlok. Die mooi bedrag van £140 is ingebring, wat nog aansienlik opgeskuif sal word wanneer die ander gelde bygevoeg word.

Die verrigtinge is voorafgegaan met Skriflesing en gebed deur ds. M. B. Brink, waarna hfkomdte. mev. Brink die funksie geopen het. In die middag is die offisiere en lede toegespreek deur die redakteur van Die O.B., en is geleentheid gegee om vrae te stel oor O.B.-aangeleenthede en beleid.

Op 'n vraag of dit so is dat die N.G. Sinode van Kaapland hom teen nasionaal-sosialisme uitgespreek het en hoe dit die Ossewabrandwag tref, is geantwoord **dat die Sinode hom uitdruklik net oor die Nasionaal-sosialisme van die buiteland uitgespreek het.** Die Ossewabrandwag het nog nooit die Duitse Nasionaal-sosialisme as sodanig as beleid aanvaar nie. Hy vereenselwig hom met baie goeie punte in daardie beleid, **maar sy uitgangspunt is verskillend omdat dit Afrikaans en Calvinisties is soos duidelik blyk uit ons leuse: My God, my volk, my land. Ons stel in die eerste plaas as doel die verheerliking van God en nie die volk of ras — wat maar net 'n skepping van God is — nie. Origens staan die O.B. vir 'n geen-partystelsel en nie 'n eenparty-stelsel nie.**

In die aand is 'n openbare vergadering gehou waar ook mev. Brink 'n toespraak gehou het waarin sy in besonder die taak van die vrou beklemtoon het. Komdt. Immerman het die vergadering gelei.

# Kunsbotter in Unie Vervaardig

## Net vir Armer Gesinne

Die regering het besluit om onderhewig aan sekere beperkings kunsbotter te laat vervaardig en verkoop in die Unie.

Die totale produksie van kunsbotter mag nie meer as 12,000,000 pond per jaar beloop nie. Vir 'n geruime tyd egter sal omstandighede dit op 2 miljoen pond per jaar stabiliseer.

Die kunsbotter sal beskikbaar gestel word aan die laerinkomste groepe en sal deur die Beheerraad van die Suiwelnywerheid langs die kanale van die Departement van Volkswelsyn gedistribueer word.

Geen gesin met 'n inkomste van meer as £25 per maand sal kunsbotter mag koop nie. Dit sal alleen beskikbaar wees aan die Unie se 166,000 blanke gesinne wat 'n inkomste van minder as £25 p.m. het, sowel as aan die nie-blanke gesinne in hierdie inkomste-groep.

In die praktyk sal dit beteken dat baie min blankes kunsbotter in die hande sal kan kry.

**Die gesinne van die middestand met 'n inkomste van meer as £25 p.m. is geheel en al uitgesluit. Hierdie gesinne wat nie by magte is om duur botter op die swartmark te bekostig nie, trek dus maar weer soos altyd aan die kortste end.**

## *Tito Bobaas*

Maarskalk Tito van Suid-Slawië het sy sin gekry. Koning Petar, uit die Geallieerde oorlogspropaganda bekend as ‚Petar die Grote', is van sy troon gewentel. Suid-Slawië het 'n republiek geword.

Die Britte beskou hierdie gebeurtenis as 'n eerste stap in die rigting van 'n moontlike Federasie van Balkanstate, wat sal strek van die Adriatiese See tot aan die Swart See.

## *Onskadelike Politiek*

Verlede week is uit Duitsland berig dat die Amerikaanse militêre regering toestemming verleen het aan Duitse politieke partye om massavergaderings te hou. Die 20,000,000 Duitsers in Amerikaanse besettingsgebied het hiermee groter politieke vryheid ontvang as wat hulle ooit sedert die Nazi-bewind geniet het, aldus die berig.

**Darem eienaardig: Die Duitsers moes vir dertig jaar onder militêre bewind van die Geallieerdes staan en selfs hul dokters en regters is afgesit, maar op politieke gebied geniet hulle die grootste vryheid — mits dit binne die PARTYSTELSEL geskied. Dan is die Geallieerdes nie meer bang vir Duitse vryheid nie.**

En dan is daar nog goeie Afrikaners wat met hul broers veg ter behoud van die partystelsel. **As hierdie stelsel 80 miljoen Duitsers onskadelik maak, watter hoop het 1½ miljoen Afrikaners?**

## *„Tokolosie" Wek Opskudding*

Harrismith se lokasie was die afgelope weke in rep en roer as gevolg van die gewaande verskyning van 'n „tokolosie" — die gevreesde figuur in die Bantoe-geloof. Oral is gesoek na die onding nadat 'n meidjie met verskeurde klere en vol bloed by haar huis aangekom het met die verhaal dat sy aangeval is deur 'n harige wese wat halfhond en half-mens is.


# AVBOB

. . . VIR STIGTELIKE BEGRAFNISDIENS

Elke AVBOB-begrafnispolis bevat die waarborg dat u bediening sal kry, nie van losstaande agente sonder belangstelling vir die werk wat hulle doen nie, maar van AVBOB se eie personeel wat dwarsdeur die land onder opdrag staan om aan u die simpatieke, netjiese diens te lewer waarvoor AVBOB bekend is.

**Afrikaanse Verbond Begrafnis-Onderneming Beperk**

**BLOEMFONTEIN . . . . PRETORIA**

*TAKKE OOR DIE HELE LAND*

DIE O.B., WOENSDAG, 5 DESEMBER 1945.

# Verootmoediging

Die Ossewabrandwag is 'n Volksbeweging en hy dra in hom die siel van die Afrikanervolk. Daarom kan hy hom aansluit by enige front waar optrede geverg word — ook in die regte verhouding soos sy leuse aandui: „My God, my volk, my land."

Die oproep van die Raad van die Kerke om 16 Desember as 'n dag van gebed en verootmoediging te herdenk, sal allerweë in O.B.-geledere verwelkom word. Vir die Ossewabrandwag sal dit nie 'n dag van vertoon wees nie. **Van sy lede word verwag om hulle in stille verootmoediging op daardie dag by hul ander volksgenote te voeg sodat ons as volk ons kan neerbuig om genade af te smeek vir onsself en die wêreld.**

Dit is 'n ongelukkige feit dat as gevolg van liberalistiese invloede daar reeds talle Afrikaners is wat op godsdiens begin neersien het as vrome vertoon waarbo die nugtere en sterke verhewe staan. Dit is mense wat graag nog bekend wil staan as „Christene", maar dan word hierdie benaming vertolk as menende nie-Joods. Dit is mense wat hoop om op eie krag en verstand te oorwin.

Daar is ook andere in ons volksgeledere wat wel nog aan die bestaan van 'n God „geloof heg", maar wat afgeleer het om te weet wat dit beteken om in God te glo. **Vir hulle is die „Voorsienigheid" maar net 'n soort reserwe op wie terug geval moet word in die dag van onheil. In wese verskil hulle nie van die heiden nie wat 'n afgod maak wat hy êrens opsluit om in tye van oorlog of nood te gaan uithaal en aan te roep.**

**HELE LEWE**

Om op 16 Desember te gaan bid om redding vir die wêreld beteken in die eerste plaas dat ons deeglik rekenskap sal moet gee van ons geloof. Ons sal moet bid soos ons vaders wat geglo het dat hulle in God nie maar net 'n reserwe in die dag van nood het nie, **maar dat hul hele lewe in Sy diens gestel moet word; dat ons God ook in ons politiek en ons ekonomiese lewe moet dien om Sy ontwil.**

16 Desember bied vir ons volk 'n geleentheid om homself weer in die regte verhouding tot sy Skepper te bring, want dit is juis as gevolg van die wanverhoudinge wat ontstaan het ook en veral tussen God en mens, dat die wêreld en ook ons land vandag so uiters swaar geteister word. Ons sal onsself in diepe verootmoediging moet neerbuig met die vaste voorneme om die wil van God uit te voer in ons persoonlike, maatskaplike en politieke lewe. Dit is nie ons taak om 'n lys van sondes voor te hou nie — ons sou ook nie weet waar om te begin of op te hou nie, maar daar is een verskynsel wat ons nie kan nalaat om na te verwys nie, want daarin word geopenbaar die gebrek aan eerbied — **om nie eens te praat van lewende geloof nie — wat ons het vir die God by wie ons op 16 Desember om hulp gaan smeek.** Daardie verskynsel is die algemene lastering van die Naam van God waar dit deur groot en klein vandag gebruik word as 'n gewone stopwoord selfs in die mees profane gesprekke.

**16 Desember sal van ons eis 'n algehele hernuwing wat hom sal openbaar in 'n skoon stryd, 'n skoon lewe en voortvloeiende daaruit ook 'n skoon taal, of ons sal miskien tevergeefs gebid het.**

# Die Ossewaens Trek Verder



Op 8 Augustus 1938 vertrek die twee stinkhout-ossewaens uit Kaapstad, en hoe verder hulle deur die land trek, hoe meer laai die geesdrif op. Die koerante skrywe daaroor en die radio saai net ossewa-konserte uit. Darem maar snaaks dat 'n regering wat volgens ons koerante deur-en-deur rooi is, sulke dinge laat doen.

Die ossewaens trek verder — ons volg hul spoor met die koerante en radio se hulp. Daar was in Meimaand 'n verkiesing, maar dit is heiligskennis om daaraan te dink. Die republikeine het verloor in die verkiesing omdat die volk blykbaar tevrede was om met bulkampe in die naturelle-reserwes en om sluise en nie 'n dam nie in Mooirivier te hê — maar wie dink nou daaraan?

Die Ossewaens kom by Slagtersnek, waar die Boere met die galg moes kennis maak. Rampokkers was hulle — wou met die kaffers 'n komplot smee om die Engelse in die see te jaag! Die waens trek verder — Bulhoek, waar Paul Kruger gebore is — die waens trek oor die Oranjerivier. Party van die koerante wat nie „reg" is nie word al benoud en sê dat die sprekers, wat ons sê dat hulle „reg" is, nou moet ophou politiek praat! Die ossewaens is nie die plek vir politiek nie. Die waens trek **verder.**

**BLOEMFONTEIN**

Naderhand bereik die waens Bloemfontein en word ingewag en ingelei deur 'n perdekommando met drie leiers: mnr. Pellissier, kol. Laas en dr. Van Rensburg, die administrateur. **In die rit gee dr. Van Rensburg aan die hand dat die brandwagte wat kol. Laas op plekke georganiseer het om gereed te wees vir sodanige funksies, die Ossewabrandwagte genoem moet word.**

Daar is rusie met die stadsraad wat rooi is. Die vrouens vorm spontaan kommando's en trek die waens deur Bloemfontein se strate om die stadsraad te wys dat hulle nie oor hul os beeste verleë is nie.

By die Vroue-monument spreek die Administrateur: „My hart het warm geword toe ek die vrouens met die wa sien!"

**BYMEKAAR**

Die waens trek verder en die volk vergeet van die politiek en dryf na mekaar toe. Op Boshof neem die opponente mekaar se hand in die openbaar — die koerante skryf daaroor! Die waens trek verder en bereik Winburg. Twee sprekers tree op — dr. N. J. van der Merwe in sy Voortrekkersuniform ter ere van die Voortrekkers van die geslag wat kom, en die Administrateur, dr. J. F. J. van Rensburg. **Laasgenoemde spreek baie ernstig oor die kwessie van volksverdeeldheid en doen 'n kwaai aanval teen die partypolitiek onder die grootste geesdrif van die toehoorders. Ons groot fout, sê hy, is dat ons net ons partye onthou en ons volk vergeet. Die mense het hul onderskeie partye liewer as hul volk. Volkseenheid kan verkry word deur liefde vir die volk bo die partye.** Ja, dit het hy gesê en die mense was opgewonde en het hom toegejuig!

Die waens trek verder en kom by Vegkop. 'n Persoon wil praat as onderleier van 'n party, nogal die „reg" party, maar die mense wil hom nie hoor nie — ons is nou by die waens wat simbool is van ons eie en ons volksverlede en daarom het ons nie nou tyd vir politiek of politici nie — nie nou hier nie!

**VIER ADMINISTRATEURS**

Die waens trek verder — deur konsentrasiekamp-graftes en slagvelde. Ons hoor van ons dappere voorgeslag. Die waens bereik Pretoria. Daar spreek onder andere die vier administrateurs! Die Transvalers is jaloers op die Vrystaters, want hul administrateur praat so reg! „Waarom sou ek met my broer rusie maak om met my neef vriende te maak?" sê hy. Dit lyk vir ons Hans van Rensburg is reg.

En bietjie later hoor ons die Vrystaters spog. Hulle het nog nie van tevore so'n goeie administrateur gehad nie — hulle kry nou glad 10 Oktober vakansie.

September die volgende jaar breek aan. Oorlog! Nege maande na die groot nie-politieke volksvergadering waar ons gesien het wie en wat ons volk is — dat ons een is al behoort ons aan verskillende partye, dat ons dieselfde bloed het, dieselfde geskiedenis het, en per slot van rekening dieselfde ideaal het — vergader ons nou weer op dieselfde plek. **Nou vergader ons eers lekker, want daardie groot man wat ongelukkig as gevolg van die partypolitiek (hulle sê hierdie nare ding kom van Engeland) nie hier kon wees nie, is nou ook hier! Dis darem** maar lekker as daar nie partypolitiek is nie!

**SNAAKSE TOEVAL**

Ongelukkig was daar later weer politiek en hierdie groot man moes van die toneel verdwyn. En toevallig (of was dit so beskik?), dieselfde dag en in dieselfde koerant wat hierdie man bekend maak dat hy homself gaan verwyder, kom die berig dat dr. Van Rensburg bedank het as administrateur!

En toe begin 1941, die groot nuus: Hans van Rensburg is Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag! En bietjie later kom die Eenheidskomitee waardeur die Ossewabrandwag erken word as aksiefront, as die leër van die Afrikanervolk.

**GROOT SKARES**

En watter ongekende tonele was daar nie! Duisende mense op laertrekkings — soos ons laas by die Ossewaens gesien het — nou weer by die Ossewabrandwag. Daar is nie partypolitiek nie — daar gee ons nie om of daar sluise moet wees of nie, of daar bulkampe moet wees of nie — daar het ons nie partypolitiek nie, maar staan saam vir ons groot ideaal — die republiek soos uitgespreek te monumentkoppie. **Duisende trek saam te Bloemfontein, Kroonstad, en 30,000 trek saam te Johannesburg! Daar is moleste in die stad, maar ons Kommandant-generaal is daar en die slagveld word deur ons behou! As dit so aanhou kry ons weer ons republiek!**

Maar toe kom die partypolitiek ('n nare ding — hulle sê dit kom van Engeland)....

(Vervolg in kol. 2)

## Die Ossewaens

(Vervolg van kol. 5)

**VLEESPOTTE**

Soos Israel van ouds het die volk terugverlang na die dae van knegskap — toe ons kwaad geword het as iemand tussenbeide kom as ek met my broer lekker baklei. **Toe die waens hier was, kon ons die partypolitiek doodskree! Maar, ag wat, die waens is al vier jaar gelede verby — wie dink nog aan die waens. Hulle was goed om na te kyk, maar mens kan nie aanhou jou broer liefhê nie — julle kan nie altwee in die parlement kom nie!**

En nou is dit ook maar goed — ons het mos nou maar weer die partypolitiek.

Vergeet maar van Hans van Rensburg, hy is nou maar weer uit die mode. Dit was lekker om weer 'n bietjie Kommandant-generaal te speel — maar ons is nou weer wakker. Dis lekkerder om te baklei — dan kom die sêgoed makliker.

**Broer, jy en ek gaan nog aanhou met kommandant-generaal speel! Ons sal nog maar aanhou met onthou dat die partypolitiek wat ons leer baklei, uit Engeland kom.**

## Name Verander

Die stadsraad van Bloemfontein het twee strate, Hospitaalweg en St. Johnstraat, verander tot Andries Pretoriusstraat en Voortrekkerstraat. In 1938 tydens die Ossewatrek is 'n versoek om die strate se name te verander aan die destydse Engelse stadsraad gerig, maar dit is van die hand gewys.

## Wraakhof Sit Blykbaar Tevergeefs

Earl Russell, 'n Britse wetenskaplike, het verlede week in die Hoër Huis tydens 'n pleidooi vir vriendskap met Rusland gesê dat daar minstens tien jaar van vrede sal wees en dat hierdie tyd benut moet word om met Rusland vriende te maak.

Tien jaar van vrede! Verwag hierdie Brit na tien jaar 'n heropstanding van Hitler en Keitel — wat tans verhoor en in alle waarskynlikheid doodgeskiet sal word — as ook van die sterwende Krupp, die wapenmagnaat wat ook 'n oorlogstigter sou wees? Ons dag dan dat oorloë toe te skryf is aan die Duitse generale staf en nywéraars en die Nazi-ideologie. Dit het meer as ses jaar geneem om hierdie „oorsake" van oorlog op te ruim — en al die moeite net vir tien jaar, want oor tien jaar sal daar hiervolgens weer 'n Keitel, 'n Krupp en 'n Hitler wees om 'n nuwe oorlog te begin.

## Volkskongres

Onder beskerming van die N.G. Kerke gaan daar aanstaande jaar van 8 tot 11 Oktober 'n Volkskongres in Johannesburg gehou word oor: „Die Verstedeliking van die Afrikanervolk".

BOERE-NUWEJAARSFEES
op die plaas van Oom Andries van Coller,
HARTEBEESHOEK
(naby Pretoria). Veraf geleë vriende skakel met 2-8040.
Honderde kamp reeds die aand van die 31ste.
Kom sluit by hulle aan. Onderdak vir 250 mense.

NUWEJAARSDAG
word fees gehou van SONOP tot SONONDER.
Atletiek, Boeresport, Perdewedrenne, Kompetisies, Boeregeregte, Verversings ens. (Geen weddenskappe sal toegelaat word nie). Bring KOPPIES, EETGEREEDSKAP en u VRIENDE saam.

'N LAERTREKKING
VIR OFFISIERE EN BRANDWAGTE
VAN DIE GROOT O.B. SOWEL AS BOEREJEUG VAN GEBIED B.
word gehou vanaf
11 DESEMBER TOT 2 JANUARIE
op ons eie terrein te
BOESMANSRIVIERMOND

DINGAANSFEES
sal op
SONDAG, 16 DESEMBER
in die laer gevier word.
H/GENL. ADV. JOHN VORSTER,
Vroeër van Port Elizabeth,
tree op as spreker.
ALMAL HARTLIK WELKOM!

# KO-OPERATIEWE GEDAGTE MOET UITGEBREI WORD

## Nuwe Staatsvorm Nodig

(Deur Prof. L. J. du Plessis.)

In die verlede is in verband met die ekonomiese organisasie van boere alle heil gesoek in „koöperasie". Hiermee is dan ook heelwat bereik, nadat die eerste terugslae van die onbeperkte koöperasie reggestel is deur die invoering van koöperasie met beperkte aanspreeklikheid. **Intussen is ook ontdek dat die organisasie-vorm wat die koöperasiewet voorskryf, in sekere gevalle en omstandighede belemmerend werk, sodat dit wenslik word om soms die koöperatiewe gedagte oor te dra in die publieke maatskappyvorm, wat heeltemal moontlik is en ook reeds gedoen word.**

Namate die koöperasie-beweging só gegroei en sterker geword het en namate ook die verbruikers hulle koöperatief begin organiseer het in die ko-operasie-vorm en andersins, het die behoefte gegroei om die landboukoöperasie-stelsel af te rond en onder kontrole te stel deur direkte ingryping van die staat. Dit is veral gedoen deur die stelsel van beheerrade en die bemarkingsraad en wat verder daarmee saamhang. En hierby het daar 'n mate van botsing ontstaan tussen produsente aan die een kant en middelmanne en verbruikers aan die ander kant.

### TWEE EUWELS

Mettertyd en veral onder die ontwrigtende invloed van die oorlog het hierdie ontwikkeling nou gelei tot veral twee merkbare en gevaarlike euwels, **naamlik aan die een kant die gevaar van uitbuiting van die bodem en dus grond-erosie, en aan die ander kant die gevaar van uitbuiting van die verbruiker.** Hierteenoor moes die staat optree en dit het hy tot nog toe gedoen in die eerste geval veral deur voorligting vanweë die landboudepartement, in die tweede geval veral deur prysvasstelling en kontrole, wat in die vleisskema feitlik neergekom het op prysbeperking.

Hierdie ingryping van die staat was goed en nodig, maar dit het tot nog toe in die eerste geval nie doeltreffend geblyk nie, en in die tweede geval die gevoel laat ontstaan dat die boere-bevolking deur amptenare gedomineer word. **Teenoor beide gevare is die oplossing blykbaar geleë in meer en beter saamwerking van die boere-bevolking met regeringsoutoriteite, dus koöperasie in 'n ander vorm.**

### ORGANISEER AS BEROEP

Daarvoor is die grondslag dan ook reeds gelê veral deur die ontwikkeling van boere-verenigingе en landbougenootskappe in onderlinge verband met die koöperasie-beweging. **Maar die gevoel het ontstaan dat die boere hulself strawwer sal moet organiseer, feitlik as 'n georganiseerde professie.** So hoor ons dan nou uit landboukringe die geroep om lisensiëring van boere en die reg tot benoeming van 'n landbouminister deur die georganiseerde boere.


### O.B.-BELEID

Daarmee is feitlik die eis gestel dat die staat self die saamwerk-gedagte moet beliggaam en op 'n koöperatiewe grondslag ingerig moet word. **En dit is juis die beleid wat die Ossewabrandwag verkondig teenoor die heersende parlementarisme. Dit beteken inderdaad dat die boere in hulle verskillende bedryfsvertakkinge, en ook alle werkers, doeltreffend georganiseer moet word in beroepsorganisasies, om hulle eie bedryf te reël in saamwerk-verband met die hele volksekonomie en dit georganiseerd in te skakel met die staatsmasjinerie, sodat daar koöperasie kan wees tussen die verskillende beroepe en ook tussen volk en staat.**

### NUWE GEES

Dit veronderstel 'n nuwe ko-operasie-gees in die beroepslewe, **maar ook in die politiek en die staat, wat die onderlinge uitoorlê- en uitbuitingsgees moet vervang.** Anders sal die voorgestelde beroepsorganisasie die botsinge tussen die beroepe en bedrywe verskerp en die politiek 'n speelbal maak, of laat ons maar sê 'n voetbal, van gevestigde, en nou ook sterk georganiseerde, belange-groepe.

Daarom pleit die Ossewabrandwag vir 'n eenheidstaat om vanuit die nuwe saamwerkgees ook in die politiek die noodsaaklike, kragtige, saambindende verband te lê tussen die botsende groepe. **En die noodsaaklike grondslag van so 'n eenheidstaat is 'n politieke volksbeweging, en die voorwaarde en voorportaal tot so 'n volksbeweging is 'n politieke volksfront waarin die verskillende bestaande politieke Afrikanergroepe, elk met behoud van sy eie identiteit, met mekaar kan saamwerk vir 'n gemeenskaplike volksdoel.**



Prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom wat reeds geruime tyd in die Grootraad dien as voorsitter van die beleidstudielaer. Daar was sprake dat prof. Du Plessis uit die Grootraad sou tree ten einde hom vir die bevordering van die saamwerk-idee op ekonomiese gebied te beywer, maar hy het voorlopig daarvan afgesien met die oog op behoorlike afronding van sy beleidswerk binne die Grootraad.

### O.B. SE TAAK

Die taak en bestemming van die Ossewabrandwag is om daardie volksfront voor te berei en so die koöperasie-beweging tot sy noodsaaklike afsluiting en vervulling te voer. En hierdie taak en bestemming sal hy verwesenlik deur homself van die onderlinge stryd te onthou en teenoor alle groeps- en party-botsinge altyd die ideaal hoog te hou van volkseenheid en onderlinge groepskoöperasie.

## Vakleerling Erf £250,000

'n Bloemfonteinse jong man van 21 jaar, mnr. H. P. van Graan, het berig uit Holland ontvang dat sy grootvader hom 'n erfporsie van £250,000 nagelaat het. Mnr. Van Graan is op die oomblik besig met 'n kursus as vakleerling, en die nuus het vir hom as 'n verrassing gekom. Mnr. Van Graan het te kenne gegee dat hy voortgaan met sy opleiding, daar hy bewus is van hoe dikwels mense wat ryk geërf het, later in armoede verval het.

## Politieke Slagoffers Van 'n Partybewind



G. R. OCKERSE (Pretoria)

Op 18 Junie 1942 in hegtenis geneem. Ses weke in tronk te Louis Trichardt aangehou en toe te Koffiefontein geïnterneer. Het geweier om 'n verklaring te maak of teen ander in die hof te getuig. Tans weer op vrye voet.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."


DIE VOORTREKKER-APTEEK

KAAPSTAD EN BLOEMFONTEIN

*Wens al hul ondersteuners 'n Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwejaar toe.*

*Ons dank u ook almal vir u getroue ondersteuning deur ses moeilike oorlogsjare heen. Dit was 'n aanmoediging vir ons!*

*Mag die vrede en die Nuwejaar vir u, vir ons en vir almal 'n beter toekoms skep.*

W. G. DE BEER — J. DE BEER, Eienaars en Bestuurders



PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

WIL GRAAG HIERMEE DIE LESERS VAN DIE

O.B.

'N GESEËNDE KERSFEES en 'N VOORSPOEDIGE NUWEJAAR TOEWENS.

STUUR KERSGROETE OOK AAN U VRIENDE DEUR MIDDEL VAN ONS

O.B.-KERSFEESKAARTJIES

12 KAARTJIES MET VERSKILLENDE ONTWERPE EN MET VERSKILLENDE BEWOORDINGS, MET DIE

O.B.-WAPEN BINNE-IN

4/3 per dosyn

POSVRY — MET KOEVERTE

Die helfte van die wins op hierdie kaartjies gaan na die BOEREJEUG.

SONDER WAPEN

4/- per dosyn

Posvry.

KERSGESKENKE

VIR DIE KLEINTJIES:

Posvry

- FLAPPIE DIE VARKIE, geskryf en geïllustreer deur Ora .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/6
- VLERKIES, 'n Boekie oor Voëls .. .. .. .. .. .. 2/6
- POOTJIES, 'n Boekie oor Insekte .. .. .. .. .. .. 2/6 Versies van Mev. A. E. Carinus met gekleurde prentjies.
- DIE KLEINGOED SE RYMPIES, deur Wenda 2/3

VIR GROTER KINDERS:

- SITA: Ons Kinderjaarboek No. 4 .. .. .. .. .. .. 7/10
- STELLA BLAKEMORE: Judith van Blourand .. 8/6
- JO. SPYRI: Heidi (Uit die Duits vertaal deur F. J. Eybers) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7/6
- MASSIE MULLER: Skooldae op Bergdorp .. .. 7/6
- M. JOS VENTER: Joop Gaan op Kommando .. 7/4

VIR VOLWASSENES:

ROMANS:

- HONORÉ DE BALZAC — Die Gierigaard se Dogter (uit die Frans vertaal) .. .. .. .. 10/6
- M. STEYN VAN ROOYEN — Die Dreunende Dorsmasjien ('n Roman) .. .. .. .. .. .. 8/7
- FRITZ STEYN — Ons Bou 'n Stad ('n Roman) 9/-

Geskiedkundige Werke:

- F. Postma — PAUL KRUGER .. .. .. .. .. .. .. 4/6
- E. Stockenström — Die Afrikaanse Vrou .. .. 6/6
- E. Stockenström — Vername Persone uit die Geskiedenis van Hollands Suid-Afrika .. .. .. .. 6/6

Plaas nou u bestelling vir ONS SKRYWERS SE DAGBOEKIE, 1946 2/8 posvry

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29

STELLENBOSCH

# ROELOU BARRY
## (EIENS.) BEPERK

Paul Krugerstraat, Robertson

GARAGES EN HANDELAARS

AGENTE vir:

FORD
FIRESTONE-BANDE
PLAASGEREEDSKAP

Vinnige en Deeglike Diens deur knap Werktuigkundiges Gewaarborg

BAK- EN VERFWERK
'N SPESIALITEIT

TAKKE te:

MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG — ASHTON EN KOEBERGWEG (Kaap).

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


# Rand Neem Afskeid Van Genl. Bootha

'n Baie aangename afskeidsfunksie is op 31 Oktober gehou in Johannesburg ter ere van gebiedsgeneraal Louis Bootha wat sy amp as Gebiedsgeneraal neergelê het as gevolg van die ernstige siekte van mevrou Bootha.

Waarnemende gebiedsgeneraal J. G. S. Opperman het namens die offisiere en brandwagte van Gebied „E" 'n goue horlosie aan oom Louis oorhandig. Generaal Opperman het hulde gebring aan genl. Bootha vir die dienste wat hy as gebiedsleier aan die Rand gelewer het. „Oom Louis was werklik die vader van die O.B. aan die Rand, en terwyl ons daaraan gewoond is in die alledaagse lewe dat dit gewoonlik die kinders is wat die ouers verlaat, vind ons dit op hierdie tydstip baie moeilik dat 'n vader sy kinders verlaat", het genl. Opperman verklaar. Voorts het die waarnemende Gebiedsleier die hoop uitgespreek dat mev. Bootha in haar nuwe omgewing ten volle haar gesondheid sal herwin. „Oom Louis het die fondament van die Ossewabrandwag aan die Rand deeglik gelê en ons sal alles in ons vermoë doen om in sy voetspore van getrouheid, diens- en offervaardigheid te volg", het genl. Opperman besluit.

Genl. Bootha het verduidelik dat hy as gevolg van die swak gesondheidstoestand van mev. Bootha genoodsaak is om die Rand te verlaat. Dit is egter vir hom onmoontlik om nie aan die Rand gebonde te bly nie. Hier het hy saam met die Afrikanerwerkers gewerk en gestry vir die saak van ons volk.

### VOLKSDIENS

Hy het sy dank betuig aan al die offisiere en brandwagte wat saam met hom gewerk het gedurende die afgelope vyf jaar.

Oom Louis het daarop gewys dat die hele geskiedenis van die O.B. die verhaal is van 'n Volksbeweging wat slegs volksdiens wil lewer, en dit het die Ossewabrandwag met dade bewys. In 1942 toe die Ossewabrandwag die vyand van imperialisme geword het, het die O.B. sy hele organisasie in een groot reddingslaer omgeskep. Dit was onselfsugtige volksdiens. In 1943 het die O.B. die stemme van sy organisasie sowel as die werkkrag van die hele Beweging aangebied mits dat die politieke groepe mekaar vind. Die O.B. het vir homself nie een enkele setel geëis nie. Ook dit was volksdiens.

Die volksdiens van generaal Smuts en die H.N.P. is ook deur 'n daad bewys. Hulle het naamlik albei hul werknemers verbied om lede van die republikeinse Ossewabrandwag te wees.

**Oom Louis het verklaar dat volksdiens net as sodanig erken kan word wanneer dit nie uitmekaar jaag wat bymekaar hoort nie. „Haat en liefde kan nie saam in een hart woon nie", het genl. Bootha besluit.**

Na die vergadering het die groot aantal offisiere gesellig verkeer.

Genle. K. Malan het namens die vroue van Gebied E getuig van die gewildheid van genl. Bootha en die hartlike samewerking wat gedurende Oom Louis se ampstermyn geheers het.



Genl. Louis Bootha.

## *Nuwe Minister*

Mnr. J. W. Mushet, wat verlede week deur genl. Smuts tot kabinetsminister verhef is, is, volgens 'n latere aankondiging, beklee met die portefeulje Pos- en Telegraafwese, terwyl min. S. F. Waterson Mynwese ontvang by sy portefeulje van Ekonomiese Ontwikkeling. Sen. C. F. Clarkson is nou net Minister van Binnelandse Sake.

## *O.B.-Dag Slaag Op Barrydale*

Die O.B.-dagfunksie te Barrydale, wat in Oktober gehou is, was ondanks reën en nat paaie 'n reuse-sukses. Die middag is 'n basaartjie gehou en daarna braaivleis-aandete. Die dag is afgesluit met 'n goed bygewoonde vergadering. Nadat komdt. David Joubert van Montagu met gebed geopen het, is die aanwesiges verwelkom deur komdt. S. W. Joubert. Hfkomdt. W. R. Laubscher het daarna aan die woord gekom. Eers het hy die swakhede in die partystelsel aan die kaak gestel, en toe verduidelik wat die O.B. in die plek daarvan verlang. Hy het 'n baie heldere uiteensetting gegee van die O.B.-beleid. Die geesdrif het baie hoog geloop toe bekendgemaak is dat die mooi bedrag van £106 byeengebring is. Die Jeugfronttafel het die mooi bedraggie van £7-2-6 opgelewer.


# BESTE WENSE!!

*Aan diegene wie se vriendelike ondersteuning ons gedurende 1945 geniet het, word langs hierdie weg ons hartlike waardering en beste wense vir 'n gelukkige Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar oorgedra. Dit is met genoeë dat ons aan hulle die versekering kan gee dat dieselfde beleefde dienste en noukeurige aandag gedurende die volgende jaar weer aangebied sal word.*

# ONTHOU:

*Net soos in die verlede, sal ons gedurende 1946 ook in staat wees om u van wyne van die beste kwaliteit te voorsien teen dieselfde uiters lae pryse. Ons gelykstaande Brandewyne en Likeurs is van dieselfde onoortreflike gehalte.*

*Wees kieskeurig met u keuse en mag u altyd aan hierdie Kersfees terugdink as 'n gelukkige een.*

*DRING AAN OP EXCELSIOR-PRODUKTE.*

# EXCELSIOR WYNMAKERY

Posbus 1 Telefoon 902 Tel.: Excelsior

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

DIE
Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

# DIE BOEREJEUG EN ‚Die Boerejeug'

## Belangrike Mylpaal In Ons Geskiedenis

**Ek voorsien dat „Die Boerejeug" sommer een van die dae so gaan uitgroei dat „Die O.B." vir hom gaan sê: „Vat jou goed en trek, Ferreira." — aldus ons Jeugleier oor die geboorte van ons troetelkind: „Die Boerejeug".**

Met hierdie uitgawe van „Die O.B." bereik sowel die blad as die Boerejeug 'n belangrike mylpaal. „Die O.B." sal, voorlopig elke tweede week, 'n bladsy met die opskrif „Die Boerejeug" bevat. Seun en dogter, dis ons eie blad in wording. Ek voorsien dat „Die Boerejeug" sommer een van die dae so gaan uitgroei dat „Die O.B." vir hom gaan sê: „Vat jou goed en trek, Ferreira". Nie dat ons so graag van ons O.B.-blad sal wil afskeid neem nie; ons wil nie net **ons** bladsy lees nie, maar alles wat in die blad verskyn. Al kan ons nie altyd alles goed verstaan nie. En ons wil ook graag dat die grootmense ons blaadjie lees. O.B. en Boerejeug hoort nou eenmaal bymekaar, soos ouers en kinders in dieselfde huis. Maar dit sal tog darem lekker wees as Pa en Ma hulle koerant kry en ons kry ons eie. Daaroor is ons dan self baas, ons kan die nommers rangskik en bêre en daarmee net doen wat ons wil. Hoe trots sal ons nie wees as ons ons eie naam op die omslag lees nie!

### MOET HELP

Nou ja, sover is ons vireers nog nie, en ons sal ons baie ordentlik in die grootmense se geselskap moet gedra. **Want onthou, die grotes sal ons kolomme deursnuffel. Hulle sal ons leesstof krities betrag. Ons is „op sig"! Hulle sal wil vasstel — en dis hulle goeie reg — of ons die moeite werd is.** Dit het baie pleit gekos om hierdie beskeie begin van 'n eie blad los te spook. Dis nou julle taak, Boerejeug, om Pa en Ma te oortuig dat ons 'n sterk saak het. Julle moet help om „Die Boerejeug" so interessant en leersaam te maak dat dit elke keer 'n ware worsteling sal kos om Pa of Ma uit te oorlê en soedoende ons blad eerste in hande te kry. **Stuur kiekies! Stuur berigte!! Stuur bydraes!!! Laat die vurige gees en die ywer waarmee julle besiel is hulle stempel op ons blad afdruk.** Moenie bang wees nie en moenie skaam wees nie. Ons wil nie spog nie, ons wil leer, die een van die ander. Vertel van julle laertrekkings, van julle uitstappies, van julle konserte. Skrywe oor julle welslae en oor julle teleurstellings. Moet net nie kla nie. Deur middel van „Die Boerejeug" kan afdelings met mekaar in aanraking kom, vir mekaar wenke gee en mekaar inspireer.


**„Die Boerejeug" gaan egter ook baie daartoe bydra dat ons die seun of dogter wat alleenstaan, kan bereik en by ons beweging inskakel.** Hoeveel is daar nie van hulle nie wat ver verwyder is van maats en geesverwante? Hulle voel hart en siel met ons saam, maar kan nooit deel van 'n groep uitmaak nie, eenvoudig omdat die naaste kind te ver is. Of so'n seun of dogter sit in 'n koshuis waar al die ander anders voel, die huisvader of -moeder ingesluit. Nou ja, „Die Boerejeug" gaan sulke kinders inskakel. Ons oorweeg o.a. 'n plan om die Verjaardagketting se skakels hiervoor om te smee. Ons gaan ook penmaats aanmoedig. Maar dan moet daardie eensame lammertjies blêr sodat ons van hulle kan te wete kom.

### OORTUIGINGSWERK

**„Die Boerejeug" gaan ook met julle hulp belangrike werwingswerk en oortuigingswerk doen. Oortuigingswerk hoofsaaklik onder ons grootmense, werwingswerk onder die kinders. Kyk, so baie goeie O.B.-mense wil nog nie heeltemal oortuig voel dat ons beweging die reg van bestaan het nie, en ons moet hulle van daardie gedagtes loskry.** Wat hulle besware is en hoe ons daardie besware moet torpedeer, sal ek 'n volgende keer probeer verduidelik. Een ding is seker, dis nie sommer uit dwarstrekkery wat sommige grootmense ons nog nie heelhartig steun nie. Maar ons gaan hulle wen. Dan die werwingswerk. Onthou, ons wil groei. Van die eerste Boereseuns en -dogters begin ons verlaat om die range van die Wag of van die O.B. te gaan versterk, en die Baba-afdeling kom eers later in aksie. Intussen moet ons dus rekrute werf sodat ons getalle nie agteruitgaan nie. Elke lid van die Boerejeug moet 'n aktiewe werwingsagent wees. As elkeen volgende jaar net een rekruut bring, dan verdubbel ons getalle daar en dan.

Enkeles gaan ons egter verlaat. Hulle skooljare is agter die rug en hulle gaan na die Universiteit of na een of ander ambag of betrekking. Ons hoop dat meer as een van hulle die tyd en geleentheid sal vind om as Boerejeug-offisiere die band met ons te bewaar. Hulle het die ontstaan van ons beweging meegemaak en ons neem van hulle beswaarlik afskeid. Ons nooi hulle uit om deur middel van ons blad ons op hoogte te hou met hulle doen en late. Ons wil hulle verseker van ons allerbeste wense.

### JEUGLEIER EN SY HOOFKOMMANDANTE(S)



Staande (van l. na r.) Jeughoofkommandante S. Kamffer (waarn.), Gebied A; I. M. van Rooyen, Gebied D; H. C. B. du Toit, Gebied E; J. H. van der Merwe, Gebied F; F. de la Rey Henning, adj., Gebied E; W. P. van der Merwe (waarn.), Gebied B.
Sittende: Jeughoofkdte. A. C. Gericke, Boerejeughoofkwartier; Genl. D. J. van Rooy, Jeugleier, P. J. Taljaard, Stafhoof.

### AANDAG BOEREDOGTERS !

Soos reeds in „Die O.B." van 22 Augustus aangekondig, word 'n prys van £1-1-0 uitgeloof vir die beste versameling Boereresepte deur 'n Boeredogter bymekaar gemaak. Die Boeredogters het dus die gulde geleentheid om onmiddellik te begin rondsnuffel om ons eie eg Afrikaanse resepte aan die vergetelheid te ontruk. Die resepte moet dan mooi netjies ingedeel en uitgeskryf word en mag die Jeugleier, Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Potchefstroom, nie later as 31 Desember 1945 bereik nie.

Die doel is dan om al die resepte te sorteer, in druk uit te gee en te verkoop vir die Boerejeug se Noodhulpfondsbydrae.

Op hierdie wyse kan elke Boeredogter haar deeltjie bydra om die lekker ou Boeregeregte vir ons nageslag te bewaar.

### „Gemagtigde" Agitators

Die Natalse kongres van die Verenigde Party het 'n versoek aan die regering gerig om stappe te doen teen alle „ongemagtigde agitators" wat die na-oorlogse toestand uitbuit om eise aan die nywerhede en boerdery te stel vir hoër lone.

Uit die berigte is nie af te lei wie wel as „gemagtigde" agitators op hierdie terreine toegelaat kan word nie, maar te oordeel na die voormalige Minister van Justisie se optrede, moet dit kommuniste wees.

# Kersboodskap Van Ons Jeugleier

Die oorlog is verby, tog kan ons nog skaars van vrede praat. In Europa en elders het die kanongebulder opgehou. Wat platgeskiet kon word, is platgeskiet. Daarmee is vir ander vyande die weg gebaan, soos honger en pestilensie. Ons land is vir die daadwerklike oorlogsverwoesting gespaar gebly; sal die agterryers van die oorlog ons ook spaar?

Suid-Afrika het elders gaan oorlog voer, van sy beste seuns het in eie land die slagoffers daarvan geword. Gelukkig is baie van hulle weer op vrye of halfvrye voet, maar ons harte gaan uit na ons broers wat nog agter slot en grendel sit en na hulle familiebetrekkinge. Mag Kersfees ook aan hulle sy vredesboodskap bring: „Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees."

Die Jode het 'n volksleier verwag wat hulle uit die hand van die Romeine sou verlos. Die engele kondig aan: „Julle sal 'n kindjie vind . . . „So verkondig Kersdag weer die koms van die Vredevors: „Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae". Aan God die eer, dan sal ons land ware vrede smaak en ons volk sy so begeerde eenheid verkry en handhaaf.

Namens die Boerejeug, ons seënwense aan ons K.G., A.K.G. en die hele O.B. Aan elke offisier en lid van die Boerejeug stuur ek met hierdie geleentheid my beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar.

As u groente kook, maak almal wat onder die grond groei, soos uie, ens. toe, en laat al die groente wat bo-op die grond groei, oop.

### WERWING VAN INTEKENARE OP „DIE O.B."

Boerejeuglede word hiermee weer daaraan herinner dat daar besluit is om aan die lid van die Boerejeug wat gedurende die tydperk 15 Augustus 1945 tot 31 Desember 1945 die grootste aantal nuwe intekenare op „Die O.B." werf, 'n boekprys met die handtekeninge van ons K.G., A.K.G. en Jeugleier voorin, te skenk.

Boereseuns, -dogters en kleingoed kan almal deelneem. Al wat gedoen moet word, is om vir elke oom en tante, neef en niggie, buurman en buurvrou, maatjies, ja almal, te vra of hulle al op „Die O.B." ingeteken het. As hulle dit nog nie gedoen het nie, gee dan vir hulle 'n ou uitgawe van ons koerant en as hulle dit deurgelees het, vra dan of hulle wil inteken. Stuur dan **dadelik** hulle volle naam en adres saam met die intekengeld aan Die Jeugleier, Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. „Die O.B." word dan elke week aan die adres gepos.

Elke brief wat aan Boerejeughoofkwartier gestuur word, moet ook die naam, adres, ouderdom en kodenommer van die Boerejeuglid wat die intekenaar gewerf het, meld.

Die intekengeld op „Die O.B." is 10/- per jaar of 5/- per halfjaar. Alle posorders moet ten gunste van „Voorslag (Edms.) Bpk.", Kaapstad uitgemaak word. Geen koerantjie sal versend word as die intekengeld nie saam met die intekenaar se naam gestuur word nie.

FICHARDTS
VIR
MASJINERIE
Stel ons in kennis van u behoeftes in masjinerie en plaastoerusting en ons sal trag om u besondere probleem op te los.
YSTERWARE
Laat ons u voorsien van Bou- en Skrynwerkersgereedskap sowel as implemente en kombuisgereedskap.
PRODUKTE
Om teleurstelling te voorkom, plaas vroegtydig u bestellings vir saad, graan, beesvoer, bemestingstowwe, pluimvee-, melkery- en byebenodigdhede.
G. A. FICHARDT
Bpk.
HANDELAARS
Foon 700 BLOEMFONTEIN Gestig 1848

# AMPTELIKE KENNISGEWINGS

(DEUR DIE JEUGLEIER.)

Die volgende Boerejeug-opleidingslaers word onder die aandag van offisiere en brandwagte gebring:

GEBIED A. — Vanaf 8 tot 17 Desember 1945 op die plaas van Hoofgeneraal Max Smuts, Middagkrans, Franschhoek. — (Boerejeugbevel 9/45.)

GEBIED B. — Vanaf 11 tot 20 Desember 1945 en vanaf 20 Desember 1945 tot 2 Januarie 1946 te Boesmansriviermond, Alexandria. — (Boerejeug-Gebiedsbevel J.B.1/45.)

GEBIEDE C, D, E, F. — Vanaf 4 tot 14 Januarie 1946 op die feesterrein te Amajuba. Hierdie laertrek word in twee gedeel: Offisiere vanaf 4 tot 6 Januarie en offisiere en brandwagte vanaf 7 tot 14 Januarie 1946.—(Boerejeugbevel 10/45.)

By hierdie sametrekkings sal spesiale opleiding in verband met Boerejeug-aktiwiteite aan laergangers gegee word. Nadere besonderhede kan van die plaaslike jeugoffisiere of Gebiedskantore verkry word.

Kinders wat saam met offisiere moet reis, sal reeds op 3 Januarie 1946 in die laer toegelaat word.

## Ons Salueer

PRETORIA, 10 Oktober. — Onderwyl die O.B.-optog die terrein van die monument verlaat, marsjeer hulle voor die stadsaal verby waar die Voortrekkers vir verdaging opgestel is. Toe die Boerejeug verbymarsjeer, kom die Voortrekkers op bevel van hulle offisier op die saluut — 'n mooi gees wat deur die Boerejeug baie hoog op prys gestel is.

Aan die Voortrekkers van Pretoria en elders ons beste wense vir Kersfees en Nuwejaar

## Ons Verhaal

# DIE KERSBOOM

(Deur R. Hugo.)

Hansie en Annatjie lê op die groen kweek onder die ou wildevyeboom. Dis Saterdagmiddag en Pappie en Mammie het gaan kuier.

„Weet jy, Hansie,, ek kan regtig nie meer wag tot Vrydag wanneer Rita van die dorpskool af kom nie."

„Ja," antwoord Hansie met groot ronde oë, ek wonder wat sy vir die kersboom sal saambring," en hy boor met sy vet vingertjie in die grond.

„O," lag Annatjie, „miskien die feetjie met die silwer ster, of miskien nog 'n silwer klokkie."

Hansie en Annatjie se groter suster Rita was nou al op die dorpskool. Hulle pappie en mammie was nie ryk nie en het ook maar hard gewerk om alles aan die gang te hou. Die kinders was egter altyd gereed om te help waar hulle kon. Kersfees het darem nooit verbygegaan nie, of daar was vir elkeen 'n mooi present. Eenmaal was die kinders gevra na 'n pragtige groot kersboom en dit was vir hulle tog te mooi. En julle sal nooit raai wat die drie toe besluit het nie! Dit was eintlik Rita se idee en die ander het dadelik saamgestem. Hulle wou die volgende Kersfees 'n eie klein kersboompie vir Pappie en Mammie maak. Dit moes natuurlik geheim gehou word, want dit moes 'n groot verrassing wees. Die drie het dadelik aan die werk gespring en pennies bymekaar gemaak. Hansie het elke Saterdag die groentetuin natgelei, en dan het Pappie vir hom 'n trippens gegee. Hierdie trippense het hy sorgvuldig gebêre en as hy dorp-toe gaan, het hy elke keer 'n mooi silwer klokkie of iets moois vir die boom gekoop. Hy moes dit altyd in sy sak wegsteek en partykeer het hy dit die hele tyd in sy vet handjies vasgehou dat dit nie moes breek nie.

Op die werf het hy al die ou plankies bymekaar gesoek en daaruit het hy met die hulp van Annatjie vir Pappie 'n pragtige brieweräkkie gemaak wat hy geverf het. Dit het maar baie moeilik gegaan. En eenkeer het hy sy duim só seer geslaan met die hamer, dat hy lank saggies gesit en huil het. Vir Mammie het hy 'n dun plankie mooi vierkantig gesny en Rita het dit met 'n fraai geblomde lappie oorgetrek en toe was dit 'n oulike matjie om die warm teepot op te sit.

Annatjie het al die flenterlappies bymekaar gemaak en aan-mekaar genaai en toe was dit 'n eersteklas matjie vir Mammie se voete. Soms het sy haar vingertjie raak gesteek en partykeer wou die lappies glad nie reg pas nie en dan was sy tog alte hartseer. Maar sy het tog altyd weer probeer. Vir Pappie het sy 'n serp van grys wol gebrei, wat sy gekoop het met haar spaar-pennies.

Rita, die groot dogter, het vir Mammie 'n pragtige teelappie met helder gare uitgewerk en vir Pappie het sy 'n paar sokkies gebrei.

So het die drie die hele jaar gewerk en gesukkel, want julle moet onthou dat dit nie sommer een, twee, drie alles klaar was nie! O nee — waar hulle kon, het hulle pennies verdien om versiersels vir die boompie te koop, by dié wat hulle self van blink papier gemaak het.

En nou was dit eindelik 'n week voor die skole sluit en twee weke voor Kersfees.

Hansie en Annatjie het nog lank op die kweek gelê en gesels en toe met skelm laggies huis-toe gegaan.

Toe Rita die volgende week kom, was die drie tog te opgewonde, want sy het nie net pragtige „blinkers" vir die boom gebring nie, maar ook 'n hele pak kersies. Daar was rooies, groenes, geles — ag, al die kleure waaraan 'n mens kan dink!

Die dag voor Kersfees was die drie tog alte opgewonde. Die presente was al almal netjies toegedraai en met gekleurde toutjies vasgebind. Bo-op het Rita in haar mooiste handskrif die name geskryf. 'n Week van tevore het die drie al 'n doringboompie met pragtige geel klossies in die veld gaan uitkies. Elke dag het Hansie en ou Wagter skelm gaan kyk of die boompie nog daar staan. Die middag toe Pappie en Mammie slaap, het hulle met 'n handbyltjie veld-toe gesluip en die boompie afgekap en stilletjies huis-toe gedra.

Na lang beraadslagings het hulle besluit dat dit maar die beste sou wees om die boompie nog dieselfde middag die huis in te smokkel. Maar was dit nie toe 'n benoude tyd nie! Die takkies het so gekrap teen die deure en die muur dat hulle asem opgehou het dat Mammie nie moet wakker word nie. Eindelik was hulle in die slaapkamer daarmee! En daar moes dit onder Rita se bed weggesteek word.

(Word vervolg)

Die skynbaar onbeperkte moontlikhede van die atoombom maak die volgende versie (oorsprong onbekend) vir ons van aktuele betekenis:

„Als door een groot catastrophé
Deez' wereld werd in twee genee,
Och Heer, geef toch dat Engeland
Zich niet bevindt aan deze kant."

## Welkom „Die Boerejeug"

## Ons Maak Ons Eie

Kersfees is die één tyd van die jaar wanneer 'n gevoel van welwillendheid teenoor die medemens die sterkste by die mens te voorskyn tree. Hierdie gevoelens van liefde of goedgesindheid vind uiting in die stuur van geskenkies of Kersfeeskaartjies. Dit is dus liefdesblykies en die betekenis hiervan moet in die eerste plek gesien word in die gesindheid wat daaragter skuil. Dit maak dus nie saak hoe duur of hoe goedkoop die present is nie — waarde daarvan sal egter altyd nog meer verhoog word as dit 'n persoonlike blykie van liefde is van die persoon wat dit stuur, deurdat die geskenkie eiehandig vervaardig is, want dan het die een wat dit ontvang, nie net die geskenkie of die kaartjie ontvang nie, maar ook 'n uurtjie of meer van die tyd en gedagtes van die vriendin wat dit gemaak het.

**Ons as Boeredogters wil ons eie Kersfeesgeskenke en kaartjies maak — nie net omdat ons iets van ons eie persoonlikheid aan ons vriende wil gee nie, maar ook omdat ons ons eie skeppingsvermoë wil sterk en ontwikkel en self dan so ryker van gees word.** Ons doen dit ook omdat ons glo aan spaarsaamheid, want dit is goedkoper om ons eie geskenke te maak as om die onpersoonlike kaartjies te koop.

Die maak van Kersfeeskaartjies is nie net 'n baie interessante tydverdryf nie, maar dit verskaf ook oneindig veel genot.

1. ONTWERPE:

Die Boeredogter kan van baie motiewe gebruik maak.

(a) Die ontwerp van 'n dogter in die drag van die Boerejeug of van dié van 'n Voortrekkervroutjie. (Veral in donker silhoeët is dit treffend.)

(b) Motiewe van Suid-Afrikaanse diere- of plantesoorte soos die plakkie, protea, alwyn of garingboom. (Dit kan almal baie maklik uit gekleurde papier gesny en op die kaartjie geplak word.)

(Vervolg in kol. 2)

# BOODSKAPPE VAN ONS JEUGHOOFKOMMANDANTE

Namens die Jeug van Gebied B (Oos-Kaapland) wil ons hiermee die eerste uitgawe van „Die Boerejeug" hartlik welkom heet.

In hierdie dae van ontwrigting en chaos wat ons vandag belewe, voel veral die Jeug behoefte aan die regte leiding, voorligting en opvoeding. Dit is ook die geval met die Boerejeug van ons Afrikaanse volk. Hierdie leiding, voorligting en opvoeding moet langs verskillende kanale kom waarvan die vernaamste die pers is, d.w.s. die geskrewe woord. Dit is daarom dat ons voel dat „Die Boerejeug" in so'n groot en reeds langgevoelde behoefte voorsien.

Nou kan ons tog die voorligting, leiding en opvoeding kry waarna ons altyd gesoek het, maar nou kan ons mekaar ook beter leer ken deur die verneem van die nuus van ander dele asook deur middel van die wisseling van gedagtes met mekaar.

**Ons leuse is mos Diens en Plig vir God, Volk en Vaderland en daarom gaan ons ook langs hierdie weg ons diens lewer en ons pligte nakom.**

**Welkom „Die Boerejeug" en mag jy vir ons waarlik die lig wees wat voor in die wapad brand in ons stryd vir vryheid en eenheid.**

W. P. v. d. MERWE,
Gebied B.

* * *

**Van Hoofkommandant I. M. van Rooyen, Gebied D.:**

Ons staan by 'n mylpaal in die opmars van die Ossewabrandwag se Boerejeug — van nou af kan ons, die Jeug van ons Volk, met mekaar deur middel van ons eie mondstuk „Die Boerejeug", gesels.

**Ons roep: „Halt!" en salueer „Die Boerejeug". Ons sal ook jou help en beskerm, nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand uitlewer nie** — dit seuns, en dogters en offisiere van die Boerejeug, waar u ookal is, is ons plig en ons doen dit graag, want:—

„Ons is kamerade in die Boerejeug,
Ons is kamerade in verdriet en vreug',
So sal ons altyd saam marsjeer
In hierdie stryd sal niks ons keer.
Op mars die Boerejeug!
Op mars die Boerejeug!!

en kamerade sal ons nooit in die steek laat nie.

Dus Boerejeug: „Voorwaarts Mars!"

(Vervolg van kol. 1)

2. GEBRUIK VAN ONTWERPE:

Baie Boeredogters kan goed teken en sal dus geen moeilikheid met die teken van ontwerpe vind nie. Maar selfs ons ander wat minder vaardig met die potlood is, kan silhoeëtte uit gekleurde papier knip en dit lyk altyd fris en vrolik. Om figure eers met die hulp van dun deurskynende papier af te teken en dan uit te knip, is baie eenvoudig en interessant — die kleinste kind kan dit doen. Dink net b.v. hoe vrolik 'n Kersfeeskaartjie kan wees met uitgeknipte blomme van gekleurde silwer-papier wat om lekkers gedraai word of selfs een met 'n Boerenooientjie met so 'n bont silwer-rokkie en 'n silwer kappie. En 'n helder-kleurige lintjie of toutjie laat die kaartjie sommer deftig daar uitsien. Vergeet nie die netjiese handskrifte op die kaartjie met die Kersfees- en Nuwejaarsgroete en 'n vers van een van ons Volksdigters binne-in nie!

3. BENODIGHEDE VIR KAARTJIES:

(a) **Vir die omslag:** Wit of grys tekenpapier wat taamlik styf en dik is — vaal papier of karton-papier wat nie te styf is nie.

(b) **Vir die binnekant:** Dun wit tekenpapier.

(c) **Vir Ontwerpe en Versiering:** Waterverf, gekleurde potlode, gekleurde papier, blink lekkergoedpapier, indiese ink (swart), gom en 'n lintjie of gekleurde koordjie.

Die koeverte kan ook self gevou en vasgegom word volgens die grootte van die kaartjie.

DIE KOOPPLEK VAN AL DIE AFRIKANERS
WAAROM? OMDAT ALGAR, SELFS DIE KIESKEURIGSTES DAAR TEVREDENHEID VERKRY
SONOP
BEPERK
Maitland- en St. Andrew-Strate
BLOEMFONTEIN

# Misdaad Aan Rand Eis Nog 'n Lewe

**Die skreiende misdaadtoestande het verlede week in Johannesburg ten top gestyg met 'n uiters koelbloedige moord op 'n middeljarige blanke vrou van die rustige voorstad, Forest Town. Die slagoffer, eggenote van mnr. Campbell Gilchrist, is waarskynlik na 'n hewige worsteling oorrompel. Die huis is kaal gestroop van besittings.**

Berig word dat die gemoedstoestand van die Johannesburgse publiek oor die misdaad-epidemie reeds aan paniek grens.

As moordstad hou Johannesburg die wêreldrekord. Sapa berig dat gemiddeld 60 moorde per maand in die stad gepleeg word. Nu York, met sy 30 moorde per maand, gedurende die misdaadgolf wat die stad tans beleef, is by ons goudstad ver agter. Die betekenis van hierdie syfers word geaksentueer as mens is gedagte hou dat die bevolking van Nu York 11,000,000 is en dié van Johannesburg maar 'n halfmiljoen.

Ooreenkomstig Europese voorbeeld dreig die regering een strook deur met optrede teen „oorlogsmisdadigers" onderwyl die kriminele misdaad oënskynlik 'n bloeitydperk beleef.

Intussen is die polisiemag besig om leeg te loop weens misdadige onderbetaling. 'n Jong konstabel wat sy ontslag gekoop het is verlede week te voet sonder 'n pennie van Johannesburg terug na sy ouers op Tzaneen.

## Ook in Moskou

Uit Moskou word berig dat roof en geweldpleging toegeneem het. Die kommunistiese owerheid is egter nie baie besorg nie. Daar word op gewys dat berigte oor 'n toename in misdaad uit feitlik alle lande van die wêreld ontvang word.

## Inbreker Skiet Bediende

**In Kaapstad is 'n naturellevrouebediende verlede Vrydag in haar baas, mnr. F. M. Holmes, se huis doodgeskiet deur 'n inbreker op wie sy afgekom het. Hy het ook 'n vierjarige dogtertjie aan die keel gepak en haar bewusteloos gewurg.**

Die polisie het 'n kleurling aangehou in verband met die moord.

## Frankryk Eis Reusebedrag van Duitsland

**Frankryk eis oorlogsvergoeding van Duitsland wat 'n bedrag van £625 vir elke Franse man, vrou en kind sal beloop, berig SAPA-Reuter uit Parys.**

**Dit is byna soveel as wat die gemiddelde ongeskoolde Franse arbeider in twee jaar verdien.**

**Die totale bedrag wat geëis word, is £24,485,000,000 of twaalfkeer die tekort in die lopende Franse begroting.**

## PANTSERMOTORS DEUG NIE

Die Departement van Landbou het aangekondig dat die gebruik van militêre pantsermotors as trekkers weens verskillende faktore nie aanbeveel kan word nie. 'n Paar weke gelede is proewe gemaak met sulke voertuie, en aanvanklik is berig dat dit geslaagd was.

## Laertrek Gehou te Cedarville

Die Boerejeug-seuns en -dogters van Cedarville, Oos-Grikwaland, het onder leiding van Jeugkomdt. R. J. Erasmus en Jeugveldkte. A. J. M. Maartens en onder bevel van Wagkaptein M. D. Maartens en lede van die O.B.-Wag 'n geslaagde laertrek oor die naweek, 16—18 Nov., gehou op die plaas van hfkomdt. Alex de Kock.

Komdate. mev. F. M. Coetser het deur middel van 'n besielende toespraak die Jeug se pligte in die Beweging beklemtoon, en daarop gewys dat ons die manne en vroue van ons toekomstige Afrikanervolk is op wie se skouers alle verantwoordelikheid rus.

Daarna het komdte. Coetser gedemonstreer hoe speelgoed uit blikkies vervaardig kan word.

Hfkomdt. Alex de Kock het die Jeug ook toegespreek en o.a. gesê dat hy die hoop koester om met die hulp van die O.B.-wagte en Boereseuns in die nabye toekoms 'n beter ingerigte kampterrein tot ons en die O.B. se beskikking te hê.—(Ingestuur.)

## Nuwe Poolse Ondergrondse Leer

**'n Geallieerde koerantman het verlede week berig dat daar 'n groot Poolse ondergrondse leër in Pole georganiseer word om weerstand te bied teen die Russiese besettingstroepe. Die leër is op dieselfde grondslag georganiseer as die een wat teen Duitsland geveg het, en bestaan reeds uit 500,000 lede. Na berig word is daar al sametrekkings van etlike duisende lede op een plek gehou.**

# KRAP U KOP

## DIE DRINGENDE BOODSKAP

Korporaal Swart moes eenkeer 'n dringende boodskap aflewer op bevel van kommandant De Wit. Hy het presies om drie-uur na sy bestemming vertrek. Die pad na sy bestemming het oor verskeie heuwels en deur verskeie valleie gegaan. Hy het met dieselfde pad teruggery.

Toe hy terugkom, wou die Kommandant weet hoeveel myle hy afgery het ten einde hom te kan vergoed vir sy onkoste. Die Kommandant wou ook graag weet presies hoe laat die boodskap afgelewer is. Korporaal Swart kon nie een van die dinge aan hom meedeel nie. Wat hy wel kon sê was dat hy uitgereken het dat hy 40 myl per uur gery het toe hy opdraande gery het, 48 myl per uur toe hy gelykpad gery het en 60 myl per uur toe hy afdraande gery het. Die Kommandant het daarop gewys dat die eerste helfte van die pad in elk geval opdraande was en dat van die res daar ten minste net soveel op- as afdraand-pad is.

Dit was toe moontlik om te bereken hoeveel myl korporaal Swart afgery het en binne tien minute hoe laat hy by sy bestemming aangekom het. Die korporaal het nie versuim met die aflewering van die boodskap nie. Kan u die kommandant se vrae beantwoord?

* * *

## NET 'N KLEIN VERANDERING

Daar is 'n O.B.-stafoffisier wie se naam beter sou wees as net een letter uitgelaat kon word.

Daar is 'n ander O.B.-offisier, bekend oor die hele land, wie se naam andersom sou gewees het as net een letter verander word.

Daar is 'n Afrikanerheld wie se naam te fier kon wees as mens dit verander.

Weet u wie hierdie mense is?

(Antwoorde verskyn op bladsy 10.)

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


'N VOORUITSTREWENDE BOER KOESTER HOË IDEALE!

SY HANDE STAAN VIR NIKS VERKEERD NIE!

B.K.K IS U ONWRIKBARE STAATMAKER!

Skrywe dadelik in vir B-K-K se KORRESPONDENSIE-KURSUSSE in:

BEES- EN MELKBOERDERY
'n B-K-K-student ken sy werk op sy duim!

BOERDERY-BOEKHOU
'n B-K-K-student dra sy eie kop!

BYEBOERDERY
'n B-K-K-student spaar tyd en geld!

DUIWEBOERDERY
'n B-K-K-student kan Duiweprobleme gou kleinkry!

HOUTWERK TUIS
'n B-K-K-student huil nie oor duur meubels nie, hy maak hulle self!

HUISHOUDKUNDE TUIS
'n B-K-K-studente het baie gou haar huishouding in die haak!

PLUIMVEEBOERDERY
'n B-K-K-student verkry ervaring!

SKAAP- EN WOLBOERDERY
'n B-K-K-student dwing ander se bewondering af!

TABAKBOERDERY
'n B-K-K-student het die nodige agtergrond om sy boerdery op te bou!

VARKBOERDERY
'n B-K-K-student kan met gesag oor Varkboerdery praat!

Knip hierdie Koepon uit en pos dit VANDAG aan:

BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 — STELLENBOSCH

Stuur my asseblief DADELIK volledige besonderhede insake die volgende

Kursus(se) ..............................
Naam: ..............................
Adres: ..............................

(Potlood sal ook deug)



JAAREINDE 1945....

Einde van 'n ander jaar . . . 'n tyd om weer terug te kyk op wat bereik is . . . maar ook 'n tyd om nuwe planne te beraam . . . nuwe verwagtings te koester . . .

Vir VOLKSKAS was die afgelope jaar weereens 'n jaar van gesonde groei . . . belangrike mylpale is weer bereik . . . flinke resultate behaal . . .

Maar alreeds is planne uitgewerk om in die nuwe jaar nog verder uit te brei . . . nog te verbeter op wat in die verlede bereik is . . . nog beter bankdienste aan die Volkslede te lewer.

Doen navraag by die Hoofkantoor of enige tak om besonderhede van die bankgeriewe wat VOLKSKAS bied.

VOLKSKAS BEPERK

ARBEIDSAAMHEID

DIE VOLK SE BANK

*Hoofkantoor:*
PRETORIA.

# KOMMUNISME KRY IN EUROPA TERUGSLAG

**Die Kommunistiese Party in Oostenryk het 'n vernietigende nederlaag in die verkiesings wat verlede week gehou is, gely. Slegs vyf persent van die kiesers het hul stemme vir hierdie vyfde kolonne van Moskou uitgebring. Negentig persent van die kiesers het gestem.**

Die oorwinning is behaal deur die Volksparty — wat konserwatief en Katoliek is — wat meer as vyftig persent van die totale aantal stemme getrek het. Die Sosialistiese Party kom tweede met ongeveer 45 persent van die stemme, terwyl die Kommunistiese Party feitlik verdwyn het deur net drie verteenwoordigers verkies te kry, en nouliks 5 persent van die stemmetotaal op hom te trek.

In die Hongaarse verkiesing, waar die hele land nog onder die Russiese hiel staan, het die Kommunistiese Party ook maar uiters sleg gevaar deur net 15 persent van die stemme te ontvang.

**Hierdie verskynsels openbaar die feit dat die Russiese troepe hulle so sleg gedra het dat daar in alle lande waar Rusland homself laat geld, 'n sterk reaksie teen die kommunisme ontstaan het. Dit bewys ook die waarheid van die stelling van sekere politieke waarnemers dat dit nou die Westerse moondhede se kans is om 'n ferme houding teen Rusland in te neem weens sy groot ongewildheid in Midde-Europa.**

## *O.B. HET GEEN BELANGSTELLING IN PARTY-VERKIESINGS*

**„Ek stem saam met genl. Pretorius dat die Ossewabrandwag een groot familie is, die lede waarvan deur hul ideale en deur hul stryd saamgesmee is tot 'n eenheid", het Gebiedsleier, dr. F. du T. van Zyl Saterdagaand op Stellenbosch verklaar. Die Ossewabrandwag het die idee van broederskap en van hoederskap gebring en hy het getoon deur die offervaardigheid van sy lede dat hy ook die hoeder van sy broer was. Binne die geledere van die Afrikanerdom tref mens die Ossewabrandwag aan as 'n keurbende, as 'n gelouterde kern wat ongetwyfeld sy rol sal speel in die toekomsgeskiedenis van die Afrikanerdom.**

Die Ossewabrandwag het hom nog altyd verset teen onderlinge twis en tweedrag binne volksgeledere. Hy staan vir die samewerking van die volk as 'n geheel, ook op die politieke terrein. Daarom verset die Ossewabrandwag hom teen party-politieke verdeeldheid, teen party-verdeling binne volksgeledere. So'n stelsel is alleen 'n middel tot verdeling, tot die opwekking van haat, twis en tweedrag.

### VOLKSFRONTKANDIDATE

**Daarom het die Ossewabrandwag ook nie belangstelling in partyverkiesings nie. Derhalwe wil en sal die Ossewabrandwag ook nie leiding aan sy lede gee wanneer dit gaan om 'n verkiesing van partykandidate nie.**

**Die Ossewabrandwag het wel belangstelling vir „volksverkiesings", d.w.s. in gevalle waar kandidate hulself stel as volksfrontkandidate, verteenwoordigende 'n beleid van anti-imperialisme en anti-kapitalisme en van Afrikaner-nasionalisme wat gekant is teen partyverdeling en twis. Onder sulke omstandighede sal die O.B. wel leiding aan sy lede gee. Sulke kandidate vereenselwig hulle met die politieke strewe van die O.B. en aan hulle sal die O.B. sy steun verleen. Ons kan sê dat daar groot verwagting is dat sulke kandidate hul verskyning sal maak.**

### GELOOF, MOED EN TROU

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar. Dit is nodig dat ons ook in die nuwe jaar sal voortgaan soos in die verlede. As ek u vanaand 'n boodskap moet gee vir die nuwe jaar, dan sê ek mag die geloof in die ideale van die Ossewabrandwag wat u in die verlede as u ideale aanvaar het, by u bly voortbrand; mag u moedig staan in die stryd soos wat u moedig was in die verlede; mag u deur dieselfde trou teenoor die Ossewabrandwag en ons Kommandant-generaal waarmee u in die verlede besiel was, ook in die nuwe jaar besiel wees.

Geloof, moed en trou, mag dit u spoorslag wees!—(Ingestuur).

## Lenig die Nood In Europa

## Kaaplandse Komitee Het Reeds £3,698

Die Kaaplandse Komitee vir Noodleniging in Europa het dusver reeds £3,698 ontvang. Hierdie komitee het 'n dépôt in Kaapstad waar klere vir die noodlydendes verpak en gebêre word totdat dit verskeep kan word.

Belangstellendes in Kaapland (ander provinsies het hul eie komitees) word versoek om geld en klere nou te stuur. Klere moet heel en skoon wees. Skoene sal ook verwelkom word.

Alle bydraes van geld en klere moet gestuur word aan:

Mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

Intussen word nog reëlings getref om die goedere na Europa versend te kry. Sodra aanneemlike kanale gevind is, gaan die goedere na hul bestemming.

### TRUMAN SÊ NEE

**President Truman van die V.S.A. wil nie meer konferensies van die Drie Grotes hê nie.**

Alle internasionale probleme moet opgelos word deur die Organisasie van die Verenigde Volke, het hy gesê.

## *Vasgedraai Binne Partystelsel*

**Die nuwe Minister van Gesondheid, dr. H. Gluckman, wat hom in die verlede skerp uitgelaat het oor die Unie se gesondheidsdienste nadat hy as voorsitter van 'n kommissie sekere aanbevelings gedoen het, het verlede week gesê dat sy kommissie se verslag die ideale toestand uiteensit, maar dat daar moeilikhede in die weg staan wat belet dat dit uitgevoer word.**

**Dr. Gluckman, die gesondheidsdeskundige, word dus nou gerepudieer deur Gluckman die politikus. Hy vind homself vasgedraai binne die partypolitiek die oomblik dat hy verantwoordelikheid in sy party aanvaar het!**

## Soldate Betrek Leë Huise

**Die Uniale Bestuur van die Springbok Legioen het aan al sy takke opdrag gegee om soldate wat leë huise kommandeer volle steun te gee, berig Sapa. Die organisasie het 'n telegram aan minister Gluckman gerig waarin hy die noodsaaklikheid van so 'n stap betreur. Sedert verlede Woensdag is twaalf leë huise en drie leë woonstelle deur daklose oudsoldate betrek.**

Verlede Sondag het korporaal V. G. Kietzman met sy vrou en twee kinders die kantore van die Goewerneur-Generaalsfonds betrek. Nadat die gesin deur konstabels verwyder is uit die kantore, en hulle voor die deur op die trappies stelling ingeneem het, is hulle as die gaste van die Springbok Legioen in die Hotel Carlton opgeneem.

**'n Korporaal van die S.A. Lugmag, Alan Atkins, het verlede week in Johannesburg op eie houtjie met sy vrou en twee kinders intrek geneem in 'n huis wat leeg gestaan het. Hulle het ook hul meubels daarin gesit. Hierdie optrede volg op 'n dreigement van teruggekeerde soldate wat dakloos is, om intrek in huise te neem wat leeg staan omdat die regering nie huise aan hulle kan verskaf nie.**

**Die eienaar van die huis, Swift Investment Company, het geregtelike stappe teen die soldaat probeer neem, maar die aanklaer het geweier om te vervolg. Atkins het £6 10s. vir huishuur aangebied, wat deur die eienaar van die hand gewys is.**

**Op versoek het die munisipaliteit die elektriese stroom die volgende dag na die huis aangeskakel.**

Manskap P. A. Swanepoel wat onlangs uit Italië terug is, het 'n leegstaande huis in Jeppe betrek en sy meubels daarin gesit nadat die eienaar hom dit driemaal geweier het.

Onderkorp. C. F. Botes, van wie twee seuns nog in die leër is, het ook 'n huis in Jeppe geannekseer.


VOLKSKAS BEPERK

BELANGRIK VIR AANDEELHOUERS

Dit het by die onlangse uitsending van diwidendtjeks weereens geblyk dat talle VOLKSKAS-aandeelhouers van adres verander het sonder om die Bank daarvan in kennis te stel. **Aandeelhouers word gevolglik dringend versoek om tog die ondervermelde kantoor van alle adresveranderings te verwittig:**

Die Hoofbestuurder,
VOLKSKAS BEPERK,
Posbus 578,
PRETORIA.

22 November 1945.



VIR

KERSFEES

GEE

*Boeke as Geskenke*

**Boeke wat Blywende Waarde besit**

**Daar is geen getrouer, geen groter vriend as 'n boek! En vir die Kersgety gee 'n mens graag die allerbeste aan u vriend . . . .**

GEE

Die Eerste Nommer in die

**VERGESIG-BOEKERY:**
**DIE GIERIGAARD SE DOGTER**

deur Honoré de Balzác.

Uit die oorspronklike Frans in Afrikaans oorgesit deur J. F. Marais. Pragtig uitgevoer. PRYS SLEGS 10/6.

**Word self vaste Intekenaar op die Reeks.**

Nr. 2: „Tien Jaar Tronkstraf" (uit die Italiaans) verskyn eersdaags.

GEE

KINDERBOEKE

AAN DIE JONGSPAN

Vir die heel kleintjies:
HASIE KALBASSIE — Tienie Holloway, 4/6

Vir seuns en dogters van 9—12 jaar:
ONS KINDERJAARBOEK — Sita . . . . 7/6

Vir die groter kinders:
HEIDI — Johanna Spyri . . . . . . . . . . 7/-

GEE

GODSDIENSTIGE LEKTUUR

AAN MOEDER SE HAND NA JESUS
Waterink . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 3/-

DIE PELGRIM SE REIS NA DIE EWIGHEID
John Bunyan . . . . . . . . . . . . . . . . . . 3/6

GEE

'N GOEIE ROMAN

**DIE DREUNENDE DORSMASJIEN**
M. Steyn van Rooyen . . . . . . . . . . 8/3
ONS BOU 'N STAD — Frits Steyn . . . . 8/6
EN DIE WAWIELE ROL — D. F. Malherbe 7/6

**Bestel onmiddellik!**

. . . . . . . . . . . . Skeur af . . . . . . . . . . . .

**DIE L & S BOEK- EN KUNSSENTRUM,**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

Stuur my asseblief die volgende boeke:

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Ek sluit . . . . . . . . . . . hierby in, in volle vereffening van bostaande en onderneem om die posgeld, verbonde aan die versending, self te betaal.

Naam: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Adres: . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Datum: . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
(Handtekening) OB/12/45